Ons Stad
August 2011

ONS STAD
04 Aug 2011, p.8

Mody is 'n baanbreker in vele opsigte

MODY MOTHOLO (21), die president van die tussentydse studentekomitee van die Universiteit van die Vrystaat (UV), het saam met die res van haar studentekomiteelede geweier om vanjaar op 'n studentekomitee-toer te gaan – 'n soort vakansie vir die studentekomitee – en dié geld eerder gebruik vir 'n handboek-beursfonds van R45 000.

Minder bevoorregte studente se handboeke is met die geld betaal.

Dit was maar een van haar en haar komitee se voortreflike projekte.

Die ander sluit in:

● Om in die openbaar op kampus vir MIV/vigs getoets te gaan word om die boodskap aan mede-studente oor te dra dat dit belangrik is om bewus te wees van jou status of posisie rakende die siekte. Vriendskapsbande is ook met die MIV/vigs-sentrum op die kampus gesluit, sodat personeel van die sentrum weet hulle kan die studentekomitee ter enige tyd om hulp nader.

● 'n Toer deur Bloemfontein is ook vir die internasionale studente van die Kovsie-kampus aangebied, waar hulle na al die belangrike plekke in die stad geneem is sodat hulle die stad kon leer ken het. Daar is ook saam met hulle geëet.

● 'n Optog om menslikheid te betoon in samewering met die die kantoor van die dekaan: Studentesake, mnr. Rudi Buys, is ook gehou, asook die Internasionale Instituut vir Studies in Ras, Versoening en Maatskaplike Geregtigheid. Dit is gekombineer met 'n gebedsgeleentheid vir die Japanse slagoffers nadat 'n verskriklike aardbewing daardie land in puin gelê het.

● Die studentekomitee het ook gasheer gespeel vir altesaam 100 matriekleiers van Suid-Afrika tydens 'n leierskapsberaad op die kampus. 'n Werksessie is vir hulle aangebied met die tema *Uitdagings en beloftes van studenteleiers binne die Suid-Afrikaanse konteks.*

● Die "teekan" word ook weekliks besoek waar studente by koshuise saam op hul voorstoepe tee drink om mekaar beter te leer ken. Op dié manier word persoonlike vriendskappe gekweek en op voetsoolvlak met studente omgegaan. *Carte Blanche* het by só 'n teekan met haar 'n onderhoud gevoer.

● Elke tweede Vrydag trek lede van die tusentydse studentekomitee ook hul T-hemde aan en deel gratis vrugtesap aan studente uit as deel van die *"intro-juice"*-projek. Op dié manier word studente ook op 'n meer persoonlike vlak leer ken.

● 'n Integrasie-indaba is ook verlede week gereël waarheen al die studente-leiers van die koshuise genooi is om nuwe, innoverende idees te gee van hoe integrasie op die kampus verder bevorder kan word.

● Die Kovsie United Festival word ook gereël waarheen nasionale kunstenaars en DJ's genooi word om te kom optree. Op dié manier word seker gemaak dat studente ook op sosiale vlak integreer en sosialiseer. Kunstenaars soos Fistaz Mixwell en Colour Blind word genooi om seker te maak musikante wat in almal se smaak val, tree op.

● Die grootste projek van die tussentydse studentekomitee is die inwerkingstelling van 'n vervoerstelsel (*shuttle*-diens) op die kampus saam met die GIBB-ingenieurs en die eerste fase hiervan is reeds in werking gestel. Die studentekomitee is deel van 'n komitee van 14 wat die werk van 22 mense moet doen. 'n Groot uitdaging is om rassekonflik te vermy en om alles in harmonie te laat plaasvind.

Mody sê dié projekte word bo en behalwe al die ander normale werk en verpligtinge van die tussentydse studentekomitee gedoen.

MIMOSA FILM GROEP

Ons Stad

ABSA